CHRISTENDOM EN OORLOG. Gereformeerde Stemmen over het Oorlogsvraagstuk. J. H. Kok. N.V. Kampen, 1966. 233 Bls. Prys R2.40.

Ons het in die oorlogvraagstuk te doen met „één van die mees dringende probleme van ons tyd" (5). In hierdie boek vind ons mooi *prisipiële opstelle* (J. L. Koole oor "Bijbelse Bezinning", 41-46; S. J. Popma oor "Ethische Overwegingen", 119-141), voorts oor die *kerkelike denke* (J. van den Berg oor "De oude Kerk en het Oorlogvraagstuk", 76-94; G. Th. Rothuizen oor "Oorlog en Ecumene", 213-232), en uiteindelik 'n paar grepe uit die *huidige praktiese situasie* (W. F. de Gaay Fortman oor "Recht en Vrede", 142-155; J. A. H. J. S. Bruins Slot oor "Over een politieke Ordening van de Vrede", 156-184; B. de

Gaay Fortman oor "Het Leger en de Vrede", 185-212). Die opstel van H. Bavinck ("Het Probleem van de Oorlog", 7-40) dien as oriënterende inleiding.

DIE SKRIF.

Die skrywers is dit daaroor eens dat die O.T. nie „sonder meer" reël en voorbeeld in hierdie vraagstuk kan wees nie (12). Die O.Te „heilige" oorloë kan nie dien as „vrybrief' vir 'n moderne vernietigingsoorlog nie (52). Popma meen dat die O.Te gegewens, sowel wat betref die „heilige" oorloë (125) as die „wêreldse" oorloë (126) ons ten opsigte van die oorlogprobleem nie verder bring nie. Dis vir my 'n vraag of ons op hierdie wyse die O.T. in hierdie hele problematiek so *geheel en al* mag uitskakel – veral aangesien Popma self beweer dat die *sesde gebod* een van die „kernpunte" is! (126). Kan die wees dat die ganse O.T. in hierdie verband *niks* te sê het nie?

Die siening t.o.v. die N.T. is eenstemmig, naamlik dat, alhoewel daar altyd oorloë sal wees (Matt. 24:6-7), die vredemakers salig geprys word (Matt. 5:9). Met 'n paar grepe word die N.T. afgehandel. Alhoewel Jesus se Koninkryk 'n radikaal andere is (Joh. 19:36), ontneem dit niemand die reg om soldaat te wees nie (Hand. 13:12; 10:2; Luk. 3:14), en ook nie om gehoorsaamheid aan die owerheid te betoon nie (Rom. 13; 1 Tim. 2). Natuurlik is daar, wat laasgenoemde betref, wel duidelik grense (Hand. 5:29; Dan.).

As ons die Woord van God ook in hierdie vraagstuk as uitgangspunt wil neem (124), en die O.T. word boonop vir alle praktiese doeleindes buite werking gestel, lyk dit my te vinnig gedoen om die N.Te gegewens in slegs 'n paar bladsye af te handel (12-13, 60-66, 128-130). Inderdaad is hierin 'n groot leemte in die origens baie stimulerende boek. Tekste soos Matt. 5:9, 26:52; Luk. 14:31-32; Joh. 19:26; Efes. 6:12; Jak. 4:1-2, 2:8; Rom. 12:18 ens. sal baie intensiewer belig moet word.

DIE KERK.

Die kerklike denke deur die eeue toon 'n ryke variasie. Tot 313 n.C. het haas alle kerkvaders (wat wel nie outomatis beteken: kèrke nie) sterk pacifisties gedink – Tertullianus, Clemens Alexandrinus, Origines, Lactantius. Vanaf 314 vind 'n radikale teologiese verskuiwing plaas en wel nie as gevolg van die evangelie nie maar „deur die geweld van die wapens van 'n oorwinnende keiser" wat Christen geword het! (89). Dit is opmerklik dat die wydverbreide siening van 'n „regverdige oorlog" onmiddellik uit hierdie periode dateer, nl. vanaf Ambrosius en Augustinus (en later voortgesit deur Thomas van Aquino), name wat ongelukkig nie in hierdie boek ter sprake kom nie (behalwe een, en terloops, op p. 157). Die groot sprong hier van die vroeë kerkvaders na die Reformasie laat 'n lugleegte in die historiese polemologiese siening.

Die Reformatore — Luther en Calvyn (en Erasmus) — ontwikkel die gedagtes van Augustinus verder in die rigting van 'n gereserveerde, gelimiteerde en geregverdigde oorlog. Veral Luther, wat 'n aanvalsoorlog geheel en al verwerp het, wys daarop dat sowel die *motiewe* (106) as die *wyse waarop* 'n oorlog gevoer word „ohne Sünde" moet wees (108). Calvyn sien die oorlog as 'n allerlaaste uitweg (109). Erasmus protesteer veral teen die onderlinge stryd tussen Christene (114).

Rothuizen besin oor die besluite van die Nuwe Kerk. Hy vind die besluite van die Geref. Kerk Nedl. (Assen 1957/58) „mooi" (218) — hoewel Bruins Slot dit as „niksseggend" bestempel (158). Hy vind dit ook „mooi" dat opgemerk word dat niks „wesenliks" in die oorlogvraagstuk verander het nie, maar „te mooi om nog heeltemal wáár te wees" (219). Die Herv. Kerk Nedl. het besluit dat selfs in die uiterste gevalle atoomwapens nie gebruik mag word nie (221). Baie aandag word bestee aan die vredesplan van pous Johannes XXVIII, vir wie 'n atoomoorlog alleen maar gekroonde dwaasheid kan beteken (226). Trouens, verskillende skrywers hierin verwerp in *totale oorlog* as groot sonde en absurd (132, 136, 187, 205). Dit is nie sinvol om te veg vir reg, as daar niemand sal oorbly om van die reg te geniet nie. Rothuizen sien as antwoord op die vraagstuk van die regverdiging die antwoord op die vraag na die middele wat gebruik word in so 'n oorlog. Hiér lê by „uitstek die kriterium" (218). N.B.: Dit is seker, kerkregtelik gesien, nie juis om te beweer dat die uitweidinge van *een* man (Popma) oor die Sinodebesluit, „volledig deur die Sinode gedek" word omdat die *moderamen* dit aanbeveel nie! (220).

## DIE PRAKTYK.

Oor die algemeen word baie van die V.V.O. gemaak, en daar moet ook sterker geywer word vir 'n internasionale regsinstituut (143) en regsorde (144). Tereg word aangevoer dat dit in die internasionale wêreld om reg en geregtigheid moet gaan, maar die probleem is m.i. daarin geleë dat die Christen en die nie-Christen geregtigheid *verskillend interpreteer*. Vir die Christen gaan dit om die geregtigheid soos geopenbaar in die evangelie van Jesus Christus (148), vir die nie-Christen om humanisties georiënteerde, selfgefabriseerde reg. Ek begryp dit nie dat W. F. de Gaay Fortman dan — relativisties — kan beweer dat die Christen nie moet dink dat hy die dinge beter weet en kan doen as die ander nie (150). Dit gaan tog nie oor „beterweterigheid" nie maar om Skriftuurlikheid! Inderdaad sentreer alles om *geloof* en *bekering* (56, 59, 12).' Die wêreld moet die vrede by die kerk afkyk (63) — en as die kerke tog maar nie in *hierdie* saak één kan wees! (38).

B. de Gaay Fortman wys op die *spanning* in die lewe van die soldaat, wat die samelewing moet dien deur hom daarin te oefen om die samelewing te vernietig (185). Die soldaat is tog vir niks anders daar as vir die *vrede* van en *diens* aan die samelewing nie (186). Hy wys 'n uiterlike magsvertoon en openbare wapenskou skerp af — dit staan gelyk aan 'n getrokke sabel of gebalde vuis. „Dit beteken dat dit eintlik al mis is met die vrede" (191). Die „oop gesprek" met die

kommunisme word — soos trouens deurgaans in die boek — sterk bepleit (138, 139). „Rusland is 'n bevriende moëndheid waarmee ons in vrede wens te bly" (194). Miskien is dit ook „te mooi om heeltemal wáár te wees"! In elk geval, so pleit Bruins Slot, moet ons (Weste) nie 'n keer vra hoe die kommuniste *ons* sien nie? (163). „Die Russe sien ons nie soos ons ons self sien nie. En ons sien die Russe nie soos hulle hulle self sien nie" (165). Hy noem dat by al die gruwels van die kommunisme die agtergrond daarvan was die sedelike bewoëndheid met die massa, wat slagoffer was van 'n ewe tirannieke en ewe onmenslike maatskappy (169). Dit is duidelik dat die kommunistiese gevaar nie onderskat word nie (178).

Dit is mooi gesien om te stel dat as die gemeenskap nie na vrede streef nie, sy leër ook geen vredesleër kan wees nie (198). B. de Gaay Fortman is sterk daarteen gekant dat 'n leër vir 'n onbereikbare doel gebruik sal word („veg! — wat 't kos") (200), en hy sluit in die verband aan by Koole, wat verwys het na die realisme by die profete (54-55). Die vraag is natuurlik of ons nie hiermee 'n verskuiwing het van die religieuse na die rasionele, van die geloof na die optelsom. Die vraag is of ons die *openbaring van God* as *realisme by die profete* kan tipeer. As húlle so *reëel* kon dink, was 'n Gódspraak nog inderdaad nodig? Spot die geskiedenis nie met elke vorm van berekening nie? (S. P. van der Walt) (Vgl. die jongste oorlog in die Midde-Ooste.) Die kriterium is in eerste en laaste instansie tog nie geleë in die bereikbaarheid/onbereikbaarheid nie, maar of die *doel sedelik verantwoord* is en op sodanige wyse *voltrek* word. Fortman vra verder of daar al ooit erger in die geskiedenis gevloek is as in die afgelope wêreldoorlog in Duitsland toe God voor die oorlogskarretjie gespan is — „Mit Gott für Kaiser und Reich" (205). Die saak van die Weste is tog nie outomaties die saak van God nie (207). G. F. Kennan het die Amerikaanse politiek geontmitologiseer deur te stel dat ons nie kan sê dat *ons* wil outomaties Gods wil weerspieël nie en alles wat die *kommunisme* wil die doeleindes van die duiwel (167). Die Amerikaanse visie mag nooit met die wil van God geïdentifiseer word nie. „Dit het grieselige gevolge. Want met die wil van God kan 'n mens geen kompromisse sluit nie. Die Amerikaanse visie word daardeur absolutisties" (165).

En hier het ons inderdaad ten minste een van die kernpunte in die oorlogproblematiek. Die vraagstuk het nl. nie net met die *Etiek* te doen nie maar ook met die *Etnologie*. Popma stel die vraag — maar beantwoord dit nie —: „Mag ons doodmaak en sterf ter wille van die tipies Nederlandse nuanse van die Europese kultuur, ter wille van die ‚sig-self-wees' van 'n volk in sy historiese verworwenhede?" (129). Koole noem die profete „warme vaderlanders", en Bavinck sien 'n volk as lewende organisme met 'n verlede, hede en toekoms, en geen saamgeflansde los siele nie (20). En juis dáárom gaan dit in die oorlog nie net om *individuele etiek* nie maar ook om die *sosiale*. Ekstremismes soos nasionalisisme en kosmopolitisme moet vermy word. 'n Eigsinnige identifikasie van óns saak met die saak van Gód kan alleenlik nadelige gevolge hê. (Vgl. bv.: „Daarin (in Joël) is geprofeteer

van die ondergang en die weer-herstel van Israel, iets wat die President ook op die Afrikaanse volk toegepas het", D. W. Kruger: „Paul Kruger" II, 1963, p. 294.)

Ten slotte. Suid-Afrika kom ook in die boek onder skoot — kanonvuur, moet ek sê. Na die aanvanklike „mildadige" verwysinge van Bavinck (24, 27, 33, 35), verander die toon. „Onberekenbaar is ook die skade wat die rassepolitiek van die Suid-Afrikaanse regering teweeg bring. Hulle maak die weste in die oë van die nuwe state ongeloofwaardig. Want dit beteken die vertrapping van die vryheid. Om van die demokrasie waarvan die weste se mond vol is, maar te swyg" (176, 137, 227). Dit skyn my wenslik dat 'n internasionale kongres oor volkekunde deur Christene gehou word sodat òns ons 'n keer kan sien soos die ànder ons sien en die ànder kan sien hoe òns ons self sien. En so kom daar dalk hiérin ook vrede!

Ons het hier 'n welkome studie van Gereformeerde kant, 'n studie wat ons kan help om in Suid-Afrika die eerste tree te gee.

J. H. van Wyk.

* Alle aanhalings is vertaal.